

23 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 113

Prys die Here, want Hy verander mense se lewens!

Hierdie psalm roep die gelowige op om God se Naam te loof en te prys. Wanneer moet dit gebeur? Van hierdie oomblik af tot in alle ewigheid. Waar moet dit gebeur? Oral op die aarde – van waar die son opkom tot waar hy ondergaan. Hoekom moet die gebeur? Die rede is baie duidelik. Omdat God Almagtig en hoog verhewe is bo die hele skepping *en omdat Hy alles hieronder raaksien!* Dit is nie al nie. Die psalm gee nog 'n rede: *omdat Hy mense se lewens verander!* Hy kyk nie maar net vanuit die hoogte neer op die aarde nie, maar verander mense se lewens ingrypend. Twee voorbeelde word gegee. Die geringe wat op die ashoop sit en die kinderlose vrou. Nie een van die twee is in staat om iets aan hulle situasie te doen nie. God kan egter! Hy kan die geringe verhef tot by die vernames en Hy kan vir die kinderlose vrou 'n huisgesin gee. Prys die Here, want Hy verander mense se lewens!

As kinders van God ken ons nie net sy almag nie, maar weet ons ook van die lewensverandering wat Hy vir ons bewerk het. In Jesus Christus het Hy ons lewens ingrypend verander. Deur die Heilige Gees is Hy besig om ons te leer om hierdie ingrypende lewensverandering te beleef. Daarom kan en moet ons van nou af tot in ewigheid, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, die Naam van die Here prys.
Sing: Psalm 113 Ds IW Ferreira (Rietvallei)